

9 Junie - JEHU

Skrifgedeelte: 2 Konings 9:1-15

Fokusgedeelte: 2 Konings 9:13

Jehu was die tiende koning van Israel en het 28 jaar lank geregeer. Hy het die troon in ongeveer 752 vC bestyg.

Ons sien in 1 Konings 19:15-16 dat die Here vir Elia al by die berg Horeb opdrag gegee het om vir Jehu as koning oor Israel te salf. Maar na alle waarskynlikheid het Elia nie in daardie tyd vir Jehu as koning gesalf nie, omdat Agab berou gehad het.

Jare later sien ons nou dat Elisa (Elia se opvolger) die bevel van die Here uitvoer deur een van die profete te stuur om Jehu tot koning te salf.

Tydens Jehu se salwing was die tyd ook reg vir 'n paleisrevolusie. Die profete was lank reeds heftig gekant teen die heidense praktyke van Agab, en die militêre leiers was ook ontevrede met die veiligheidsituasie oor die algemeen. Daarom het die troonsbestyging van Jehu ook so maklik verloop, sonder enige opstand.

Ons teksvers beskryf dit ook met die woord onmiddelik. Dit is asof hierdie aankondiging die uitkoms was op al hulle frustrasie, want hy kry onmiddelik alle ondersteuning.

Dit laat mens dink oor al die dinge waaroor ons tog so maklik stry en bekommerd is. Wil ons nie baie keer die Here se werk oorneem nie? Dalk probeer jy alles in jou vermoë doen (selfs oneties) om mense te oortuig dat jy 'n goeie werker is en daarom die hoër pos verdien, in plaas daarvan om rustig op die Here te wag, jou werk te doen en te sien hoe die Here die werk vir jou op sý tyd gee, as dit sy wil is.

Die Here berei ons weg vir ons voor. Indien hy die huis nie bou nie, bou dié wat daaraan bou, tevergeefs (Ps 127:1). Ons moet op Hom vertrou om die weg vir ons voor te berei, en soms is dit ook nodig om geduldig daarop te wag.

Dit beteken natuurlik nie dat ons heeltemal passief moet sit en wag nie. Ons moet steeds ons verantwoordelikheid nakom, maar die res moet ons oorlaat aan ons Hemelse Vader wat elke dag voorsien.

Wag getrou op die Here. Hy sal op sy tyd voorsien.

Sing: Skrifberyming 17 (17-1):1

Ds PJ de Bruyn (Gobabis)